

Onderwysers identifiseer en reageer op leerderfoute en wanopvattinge in Getalle, Bewerkings en Verhoudings in die Intermediêre Fase

Hierdie studie ondersoek maniere waarop onderwysers in die intermediêre fase (Grade 4, 5 en 6) leerders se wiskundige foute en wanopvattinge kan identifiseer en daarop reageer, spesifiek met Getalle, Bewerkings en Verhoudings (GBV). Die inhoud van GBV vorm die basis vir leerders om wiskundige bewerkings en verwante konsepte en prosedures te begryp ter voorbereiding vir die senior fase.

Die vermoë om foute en wanopvattinge te kan onderskei en aan te spreek is belangrik vir leer en vir die verbetering van leerders se wiskundige prestasies. Die identifisering van leerders se foute en wanopvattinge stel onderwysers in staat om hulle onderrigstyl en lesse aan te pas en sodoende die leerders se foute en wanopvattinge op te los.

Hierdie studie fokus spesifiek op maniere waarop onderwysers die uitdagings van leerders se begrip van GBV identifiseer en ondersoek toepaslike onderrigmetodes om hierdie foute en wanopvattinge op te los. Hierdie metode sluit hersieningstrategieë vir leerders in, waarmee in 'kognitiewe konflik' kom deur die wiskundige en/of kognitiewe aard van hulle foute te soek en aan te spreek.

Ek het data versamel by 'n laerskool met die gebruik van 'n Deelnemende Aksie Navorsing (DAN) navorsingstrategie deur middel van onderhoude, klaswaarneming, fokusgroepe en veldnotas. Die analise het getoon dat, wanneer onderwysers aandag skenk aan leerders se foute en die leerders se redenasies rondom die foute, hulle die wanopvattinge kan identifiseer en aanspreek.

Beryl Bowers

Studieleier: Dr Faaiz Gierdien